Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

JAARVERSLAG 2020

1. SKOOLPROFIEL

1.1	NAAM:	HOËRSKOOL McLACHLAN
1.2	EMIS NO:	200100315
1.3	KWINTIEL:	4
1.4	STATUS:	Artikel 21
1.5	TIPE:	OPENBARE SKOOL
1.6	TUISDORP:	JOUBERTINA
1.7	SKOOLDISTRIK:	SARAH BAARTMAN

2. SLAAGSYFERS EINDE 2019

Graad 1:	97%
Graad 2:	94%
Graad 3:	100%
Graad 4:	100%
Graad 5:	97%
Graad 6:	97%
Graad 7:	90%
Graad 8:	97%
Graad 9:	93%
Graad 10:	69%
Graad 11:	67%
Graad 12:	91%

3. LEERDERGETALLE 2020

Seuns:	158
Dogters:	209
TOTAAL:	367

4. GRADE WAARIN ONDERRIG IS

	LSEN	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	TOTAAL
SEUNS	6	11	20	15	9	14	14	13	10	12	12	13	9	**158**
DOGTERS	9	14	10	13	19	20	19	11	16	21	28	15	14	**209**
TOTAAL	15	25	30	28	28	34	33	24	26	33	40	28	23	**367**

5. POSTEVOORSIENING 2020

Posbeskrywing	Posbekleër	Vakonderrig	Status	Departementeel SBL
1. Skoolhoof	Vakant			
2. Departementshoof (H/S)	Mnr S. Pienaar	WG 10 – 12	Permanent	Departementeel
3. Departementshoof (L/S)	Me D Bohnen	Eng 5, 6 Afr 6	Permanent	Departementeel
4. Posvlak 1-opvoeders	Me Lizbe Strydom (Gr 1)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me M de Kock (Gr 2)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me Tania Potgieter (Gr 3)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me Elaine Strydom (Gr 4)	Afr 4, Eng 4, Wisk 4, 5	Permanent	Departementeel
	Me Riana Ferreira (Gr 5)	Afr 5, LV 4 – 6, SW 4 – 6	Kontrak	SBL
	Mnr Daniel Terblanche (Gr 6)	Wisk 6-7, SW7, EBW 7 – 9	Permanent	Departementeel
	Me. Sumique v. Huyssteen	NW & Teg 4-6, Teg 7 – 9 LO 7 – 9	Kontrak	SBL
	Me Marie Strydom (Gr 8)	NW 7 – 9, LW 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Janine Kritzinger (Gr 9)	Drama 10 – 12 Visuele Kuns 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Mnr Johan Schlechter (Gr 10)	Wisk 10 – 12 FW 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Viginia Hatton-Jones (Gr 11)	Wisk 8 en 9 Eng 10 – 12	Kontrak	SBL
	Me Madelein Vangeel (Gr 12)	BS 10 – 12, Rek 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Marietjie Strydom	Afr 10 – 12, Toer 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Anneke Roberts (Gr 7)	Afr 7 – 9, SK 7 – 9	Kontrak	SBL
	Me Roethilda Oelofsen	Gasvryheid 10 – 12	Kontrak	SBL
	Mnr Martin van Dyk	CAT 10 – 12	Kontrak	SBL
	Me Liesbeth Erasmus	Geo 8, 9, 12	Kontrak	SBL
	Mnr. Willie Boshoff	Eng 7 – 9 LO 10 – 12	Kontrak	SBL
5. LSOB	Me Aurelia Olivier	LSOB 1 – 5	Kontrak	SBL
	Me Mari Schreiber	LSOB 6-7	Kontrak	SBL

6. Assistent opvoeder	Me Soné v. Huyssteen	Graad 1	Kontrak	SBL
	Me Nicela Laruffa	Graad 2 en 3	Kontrak	SBL
7. Administratief	Me Daleen Strydom	Ontvangs, skooladministrasie	Permanent	Departementeel
	Me Augusta Mattheus	Finansies	Kontrak	SBL
	Me Simoné v.d. Mescht	Admin, LTSM, sport, terrein	Kontrak	SBL
8. Koshuis	Me Miriam Chabeli	Koshuistoesighouer, skoonmaker, kok	Permanent	Departementeel
9. Grondepersoneel en skoonmakers	Me Doleen Masimla Mnr Cheetah Elbrecht Mnr Justin Sebia Me Dina Pietersen		Permanent Kontrak Kontrak Kontrak (deeltyds)	Departementeel SBL SBL SBL
10. Busbestuurder	Mnr M Jaftha		Kontrak	SBL

6. PERSONEELAANGELEENTHEDE

'n Opregte dank aan al die onderwysers, administratiewe personeel, grondepersoneel, busbestuurder, skoolbeheerliggaam en borgekomitee vir hulle volgehoue harde, kwaliteitwerk om ons skool se naam hoog te hou en te verseker dat daar aan die toekoms van ons leerders gebou word om ‘n suksesvolle volwasse lewe te verseker. Mag hierdie besondere band van samewerking in 2021 voortgesit word.

7. SKOOLKOSHUIS

Gedurende kwartaal 2, 3 en 4 was die skoolkoshuis nie operasioneel nie, a.g.v. Covid-19. Personeel is egter ook nog nie aangestel soos belowe nie en is tans ‘n groot uitdaging. Me. Miriam Chabeli tree na 30 jaar af. Ons hartlike dank en waardering vir die besonderse rol wat sy op alle gebiede van die koshuis gespeel het.

8. AKADEMIE

Die uitdagings op akademiese terrein word by die dag groter. Leerders oor die totale spektrum ervaar groot agterstande, veral met leesvaardighede en gesyferdheid. Daar word ‘n beroep op ouers gedoen om hul kinders te ondersteun en saam met die skool te werk wanneer daar dissipline toegepas word. Die afwesigheid van ‘n vaste studieroetine tuis, toegewydheid tot leer en ‘n gedissiplineerde lewensstyl is van die grootste probleme wat die skool daagliks ervaar en moet hanteer.

Die sukses van die LSOB-klas kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die vooruitgang wat hierdie leerders toon, is merkwaardig. Dankie aan mevv. Aurelia Olivier en Mari Schreiber vir hulle leiding en insette. Leerders en ouers is groot dank aan hulle verskuldig.

9. SPORT

ATLETIEK:

Hoërskool McLachlan het die volgende spanbekers verower tydens SOK:
Seuns: 0/13 Meisies: 0/13; 0/14 en 0/15
Die laerskoolatlete was die wenners van die dag en kon met die Pieter Engelbrecht-trofee wegstap.
Die hoërskoolatlete het ‘n tweede plek verower. Hoërskool McLachlan het ook tweede by die byeenkoms gekom.

Laura-Lee Pieterse, ‘n 0/13-atleet van McLachlan was die ster van die dag en het drie pryse verower. Sy was die Junior Victrix Ludorum, die veelsydigste junior dogter en het ‘n medalje en geldprys gewen vir haar 100 meter wat aan haar ‘n ASA-tabelpunt van 718 punte gegee het.

Marnelle Oberholster, 0/10, het die gewigstootrekord van 6,11 m tot 6,38 m verbeter.

Mclachlan spog ook met die beste presteerder in elke ouderdomsgroep.

Dogters:
0/10 Marnelle Oberholster Gewigstoot 700 punte
0/11 Luzaan Venter 70 m Hekkies 663 punte
0/13 Laura-Lee Pieterse 100 meter 718 punte
0/14 Denique Ferreira Gewigstoot 677 punte
0/15 Sjanique Alberts Gewigstoot 654 punte
0/19 Elzé Potgieter Gewigstoot 706 punte

Seuns:
0/15 J.P. Gerber Diskus 597 punte
Baie geluk aan die medaljewenners.

Nege atlete van Hoërskool McLachlan het Vrydag, 14 Februarie, aan die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms by die Westbourne Oval deelgeneem. Ons atlete het uitstekend gevaar en medaljes ontvang.

Eerste plekke:
0/14 Elri van Jaarsveld 300mH
0/14 Denique Ferreira Hamergooi
0/15 Chris Scott Hamergooi
0/17 Zack Strydom Hamergooi

Tweede plekke:
0/14 R.J. Labuschagne Hamergooi
0/14 Elri van Jaarsveld Hoogspring
0/15 Taryn Uithaler Spiesgooi

Derde plekke:
0/14 Johan Gerber 300mH
0/15 Taryn Uithaler Hoogspring
Mand 0/19 Nicola de Kock Spiesgooi

Die laerskoolatlete wat uitstekende prestasies tydens die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms behaal het. Hulle was op Vrydag, 21 Februarie, in aksie.

Eerste plekke:
0/13 Laura-Lee Pieterse (lid: aflos 0/13)
0/12 Semei Fisanie SG
0/12 Wernig Oberholster DG
0/11 Naudé Meyer 70mH en HS
0/10 Kelvi-Nay Corneelse (lid: aflos 0/10)

Tweede plekke:
0/13 Raymondo October DG
0/13 Gerbri Ferreira DG
0/11 Carisma van Rooyen 70mH
0/10 Marnelle Oberholster GS
0/10 Kelvi-Nay Corneelse 100m
0/10 Lilitha Ferreira 70mH

Derde plekke:
0/13 Ria-Mi Ferreira GS
0/13 Gerbri Ferreira SG
0/13 Shaylon Jafta DG
0/12 Frané Manuel DG
0/10 Kelvi-Nay Corneelse 80m

Ons is baie trots op die volgende atlete wat gekwalifiseer het om aan die Oos-Kaap-atletiekproewe op 13 en 14 Maart te Croadock te gaan deelneem.

0/10 Kelvi-Nay Corneelse 80m en 100m
0/10 Lilitha Ferreira 70mH
0/10 Marnelle Oberholster GS
0/11 Naude Meyer 70mH en HS
0/11 Carisma van Rooyen 70mH
0/13 Ria-Mi Ferreira GS

Tweekamp:
Die volgende atlete wat die Oostelike Provinsie se B-span by die Highgate Interprovinsiale byeenkoms op 1 Februarie 2020 in Oudtshoorn verteenwoordig het:
Nicolas Muller 0/8
Le Roux Muller 0/11
Makayla Walters 0/11

Karate:
Miencke Strydom (graad 9) het op 1 Februarie op Uitenhage deelgeneem aan KSA-Oos-Kaapproewe. Sy het gekwalifiseer om vir die Oos-Kaapspan op 21 en 22 Maart in Durban deel te neem.

Vanaf 18 Maart is alle sportbyeenkomste gekanselleer a.g.v. die Covid-19-virus en ons atlete kon dus nie verder deelneem nie.

10. OLIMPIADES

Die skryf van die Conquesta Olimpiade is 'n jaarlikse instelling.

Leerlinge van graad 3 tot 7 kry die geleentheid om op 'n eksterne wyse hul kennis te toets. Die vrae strek oor die hele kurrikulum en word op 'n interessante wyse gevra.

'n Klein aantal leerlinge het hierdie jaar die olimpiade afgelê, en elkeen kan spog met 'n pragtige sertifikaat.

Volgens die uitslae kon ons egter duidelik sien dat Covid-19 beslis 'n nadelige effek op die akademie gehad het. Ons glo en vertrou egter dat daar in die toekoms weer uitstekende uitslae sal wees.

Heelwat leerders van gr. 4 tot 9 het vanjaar ingeskryf vir die jaarlikse NRF-SAASTA STEMI-olimpiade vir Natuurwetenskappe, wat geskeduleer was om op 2 April 2020 plaas te vind. Ongelukkig het Covid-19 dit gekelder en is die inskrywingsgeld aan die leerders terugbetaal. Hopelik sal die leerders volgende jaar weer die geleentheid kry om in te skryf.

11. VRL

Die verteenwoordigende raad van leerders se werksaamhede het na hulle verkiesing en formele bekendstelling tydens ons 2019-prysuitdelingsgeleentheid begin.

Na die Novembereksamen van 2019 het die groep saam met die laerskool se bestuurskomitee by die De Dekke-opleidingsterrein in Grootbrakrivier gaan kamp. ‘n Baie positiewe groep leiers met baie vars idees was reg vir 2020 – wie sou kon dink dat die Coronapandemie en inperkings die planne so in die wiele sou ry. Sedert April het die VRL en BK net virtueel gefunksioneer met positiewe bemoedigende whatsapps en video’s aan leerders.

Eers na Junie se skoolheropening kon die BK ‘n beduidende rol speel in die laerskool en het die individuele VRL -lede in hulle klasgroepe as organiseerders en hulp opgetree.

In Kwartaal 1 is die volgende projekte suksesvol afgehandel:

a) Die gr. 8-klasoriëntasie saam met die matriekklas en personeel in Jan.en Feb. was ook deel van hulle doelwitte en om skooltrots aan te wakker en almal te laat welkom voel.
b) Die eerste kwartaal se verjaarsdae is deur die VRL aangekondig met ‘n persoonlike kaartjie en sjokolade.
c) Die BK- en VRL-lede het ook personeellede se verjaardae spesiaal gemaak met geskenkpakkies en woorde van waardering.
d) Vlagdienste, reklame van skoolgebeure en terreindienste was ook groot bydraes wat die BK- en VRL-lede in 2020 gelewer het.

Die Valentydsdans wat die VRL met groot entoesiasme aangebied het, was weer ‘n heerlike geesbouer aan die begin van die jaar. Die tema het van die blou en wit van die film, Frozen, gekom. Dit het die baie warm Februariemaand bietjie afgekoel. Ons VRL- en BK-ouers het met die versiering van die saal om ‘n atmosfeer te skep, gehelp. Die verkoop van eetgoed het gehelp met die fondsinsameling.

Die VRL- en BK-oortrektruieprojek is gekanselleer aangesien die bestelling nie weens die Covid-inperkings uitgevoer kon word nie. Die leerders se geld is aan hulle terugbetaal.

Die hoofleiers het wel kleiner projekte met die gr. 12-klas geloods om hulle groepsgees te bou en hulle matriekmoreel hoog te hoog. Hulle het op baie verantwoordelike wyses hulle laaste 40 dae met ‘n vierkantbraai asook hulle laaste skooldag met ‘n boomplantseremonie vir die klas en onderwysers op die skoolterrein gevier. Elze Potgieter, die een hoofleier, het ‘n afskeidsboodskap gelewer en die verrigtinge is met koek en tee afgesluit.

Die Covid-19-pandemie het ‘n groot demper op al ons skoolwerksaamhede geplaas en net so ook op die VRL en BK se werksaamhede. Tog het ons baie min dissiplinêre probleme in die skool of op die terrein gehad.

Die 2021- VRL- en BK-verkiesing is gehou. Op die eerste skooldag van 2021 sal die nuwe leiers aan die skool, personeel en ouers bekendgemaak word.

12. KULTUUR

Ouers en leerders is in kennis gestel van die ATKV- beoordelaarskursus by Hoërskool Grey. Die temas van die 2020-ATKV- en Oppie-Tong-af-redenaars is bekendgemaak, maar ongelukkig kon dit nie fisies a.g.v. Covid plaasvind nie. So is die die Radikale Redenaars ook gekortwiek. Miencke Strydom het virtueel aan drie kompetisies deelgeneem en uitstekend gevaar.

‘n VCSV-kringleierskamp met 21 kringleiers het in Februarie by Louterwater Landgoed plaasgevind. Die kringleiers is geestelik deur ds. Jaco Botha toegerus. Ander gereëlde VCSV-kampe kon nie plaasvind nie.

Die virus het ook die #Imagine 2020-kamp waarvoor reëlings klaar getref is, in die wiele gery.

Mev. Bohnen het begin met skaak op Dinsdae en Donderdae met kinders wat nie sport beoefen nie. Die skaak is ook a.g.v. die virus na die eerste kwartaal, gestop. Belangstellende leerders kon ook nie aan die ATKV se spelathon,wêreldkennisolimpiade en Despatchkkunsfees, makietie deelneem nie. Hierdie is alles geleenthede waaraan McLachlan vir sy leerders op kultuurgebied wou blootstel, maar dit is a.g.v die virus gekanselleer.

Die hoofleiers het aan die begin van die jaar ‘n baie sinvolle opleidingseminaar deur Josephine Rodgers van Fedsas en ‘n kenner van leierskap in skole en wetgewing oor VRL-aangeleenthede bygewoon.

Marli van Zyl en Porsha Khewu het deurgedring na die volgende rondte van die Kyknet Nasionale Toneelspelkompetisie by die Kunstekaapteater in Kaapstad. Hulle was onder die Top 80 in die land, maar kon ongelukkig nie verder deelneem nie omdat verdere deelname op sport- en kultuurgebied deur die Regering verbied is. Marli het ‘n brons sertifikaat vir toneelspel by die ATKV-Tienertoneel verwerf. Sy het individueel deelgeneem en ‘n monoloog opgevoer en per video aangestuur. A.g.v. van die verbod kon die matriekafskeid en prysuitdeling ook nie plaasvind nie.

Leerders het weer die geleentheid gekry om aan die ATKV se jaarlikse Lekkerleesfees deel te neem. Die boeke wat vir die fees gebruik is om te lees, is aan die skool geskenk. Die skool het ook ‘n geskenkbewys van R700 van Lapa-uitgewers ontvang.

13. GELDINSAMELINGSPOGINGS

As gevolg van Covid-19 en al die inperkings wat dit veroorsaak het, kon daar hierdie jaar ongelukkig nie 'n kermis of Bloeiselfees wees nie. 'n Baie groot dankie aan al die lede van die borgekomitee wat ten spyte van al die uitdagings tydens 'n baie moeilike skooljaar steeds gewillig was om die skool te ondersteun.

Die beheerraad, personeel, ouers en leeders van Hoërskool McLachlan het groot waardering vir elkeen se betrokkenheid.

Kia-projek

McLachlan het aan die Kia-insamelingsprojek deelgeneem. Die jongstes en enigstes het ‘n boekie met 5 kaartjies wat teen R100 per kaartjie verkoop is, ontvang. Die projek is suksesvol afgehandel.

SLOT

Baie dankie aan al die leerders en personeel met die suksesse van 2020, ten spyte van al die unieke uitdagings van Covid-19. Dankie vir almal se betrokkenheid, om meer as net die nodige te doen en sodoende lewens te verryk en waardevolle ervaring te deel. Bou voort op die suksesse van 2020 en streef daarna om in 2021 nog groter hoogtes te bereik en groter deelname aan aktiwiteite te verseker.

Die uwe

S.J.D. Pienaar

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

stan@hsmclachlan.co.za

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Cell: +27 (0) 83 546 2788

Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan